education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 11

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## JUNIE 2015

## PUNTE: 80

## MEMORANDUM

**Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- 'n Punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING. Die rede/motivering verdien ook 'n punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

## VRAAG 1

### TEKS A: KOERANTARTIKEL

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | 5 sent/ 5 c stuk ✓ | 1 |
| 1.2.1 | letterlik ✓ | 1 |
| 1.2.3 | As jy baie vyfsente het kan jy baie daarmee doen/baie kos en klere daarmee koop/geld wat gering geskat word spaar, kan jy baie daarmee doen. ✓<br><br>Leerders gee enige antwoord met bogenoemde strekking. | 1 |
| 1.3 | Sy koop skoolklere. ✓<br>Sy koop kospakkies. ✓ | 2 |
| 1.4 | Kinders wat **arm** is. ✓<br><br>Die woord **arm** moet in antwoord voorkom. | 1 |
| 1.5 | Sy het ook arm grootgeword. | 1 |
| 1.6 | werkloosheid ✓<br>Suid-Afrika se ekonomie is swak. ✓ | 2 |
| 1.7 | "Maar 'n engel het my destyds gehelp" ✓<br><br>Net hierdie SEWE woorde mag gegee word. Aanhalingstekens is nie verpligtend nie. | 1 |
| 1.8 | (Provinsiale) Onderwysdepartement ✓ | 1 |
| 1.9 | Sy moes vir ((skool)kinders) skoolklere koop. ✓ | 1 |
| 1.10 | goeie plan ✓<br><br>Net die TWEE woorde pas BINNE KONTEKS in. | 1 |
| 1.11 | Hoe gou 'n klomp vyfsente 'n nuwe broek kan koop. ✓ | 1 |
| 1.12 | Hulle het ook vyfsente gegee. ✓ | 1 |
| 1.13 | Ja<br>Mense het begin om al hulle kleingeld in 'n ouer by die radiostasie te sit. ✓<br>Sy kon al skoolklere vir 1000 hoër- en laerskoolleerders koop. ✓ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.14 | Hulle doen dit n.a.v. Moeder Teresa wat ook goeie dade vir ander mense gedoen het. ✓<br><br>Leerders gee antwoord met bogenoemde strekking. | 1 |
| 1.15 | Haar kerk ✓ help met die verspreiding.<br>Lowveld Wholesalers ✓ verkoop die klere goedkoper aan haar. | 2 |
| 1.16 | Die een van die Departement van Onderwys ✓ (in Limpopo) | 1 |
| 1.17 | B/bly en gelukkig lyk ✓ | 1 |
| 1.18 | Presteer beter/daar is ook 'n verskil in hulle skoolpunte. ✓ | 1 |
| 1.19 | Dit is belangrik om goed te doen/goed te wees vir kinders/dankbaar te wees vir jou voorregte. ✓<br><br>Die leerders gee 'n antwoord met bogenoemde strekking. | 1 |

## TEKS B: SPOTPRENT

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20.1 | (Hulle gaan) saam eet. ✓ | 1 |
| 1.20.2 | Brood wat gesny word/pan op die stoof/kastrol op die stoof/gedekte tafel/ma wat kos kook/die gesin is bymekaar.<br><br>Leerders kan ENIGE EEN van bogenoemde moontlikhede gee. As hulle 'n ander antwoord gee wat ook BINNE KONTEKS pas, mag dit ook as korrek aanvaar word. | 1 |
| 1.21 | Hy wil ophou om skool te gaan (sodat hulle geld het). ✓ | 1 |
| 1.22 | Ouers sê skool raak te duur<br><br>Net hierdie opskrif | 1 |
| 1.23 | Sy lyftaal/die manier waarop hy sitlê/sy slordige skoolklere/die das wat los is/die voorkoms van sy tas/sy tas wat nie eintlik vol boeke is nie/sy slordige/lang hare ✓ ✓<br><br>ENIGE TWEE | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A** | **30** |

## AFDELING B OPSOMMING

### Nasien van die opsomming

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1-3 korrekte feite: 1 punt
  - 4-5 korrekte feite: 2 punte
  - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin voor die 70 woorde grens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

| TEKS C: WENKE VIR 'n GOEIE LEIER. | | |
|---|---|---|
| **LEESTEKS** | | **EIE WOORDE** |
| 'n Goeie leier is nie'n bangbroek nie. Dit beteken jy het moed vir dit wat jy moet doen. Jy sorg ook dat jy nie wys dat jy bang is nie. | 1 | 'n Goeie leier is nie bang nie. |
| Leiers moet besluite neem, maar goeie leiers neem dapper besluite. Jy staan jou man al weet jy dat almal nie van jou besluit gaan hou nie. | 2 | (Goeie) leiers neem (dapper) besluite. |
| 'n Goeie leier word nooit kwaad nie. As jy jou humeur verloor, verloor jou volgelinge hulle respek vir jou. | 3 | 'n Goeie leier word nooit kwaad nie/verloor nie sy/haar humeur nie. |
| Om van voor af te lei, is ook 'n teken van 'n goeie leier. Soms beteken dit dat jy die een moet wees wat jou huiswerk in die klas doen, maar ook om dinge te doen wat nie aandag trek nie. | 4 | 'n Goeie leier lei van voor/stel die voorbeeld. |
| 'n Goeie leier moet ook bereid wees om te volg. Jy laat die beste spelers in die span toe om hulle beste te doen en dan volg die res van die spelers ook. | 5 | 'n Goeie leier volg ook ander mense. |
| Kalmte is ook baie belangrik vir 'n leier. As jy kalm is, kan jy mooi dink en belangrike besluite neem. | 6 | 'n Goeie leier tree (is) ook kalm op. |
| 'n Goeie leier kyk ook verby die negatiewe dinge en sien altyd die goeie dinge in ander mense raak. As jy die goeie in ander raaksien, spoor jy hulle tot beter prestasies aan. | 7 | 'n Goeie leier sien die goeie in ander mense raak. |
| | | **TOTAAL: 10** |

## AFDELING C: TAAL

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstrukstuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

### VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

| VRAAG | | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Tieners<br>• Ouers<br>• Jouself ✓✓<br><br>(Enige TWEE) | 2 |
| 3.2 | • Dit roep die leser informeel om betrokke te raak./<br>• Dit laat die leser deel van die advertensie voel. ✓<br><br>(Enige een of soortgelyk) | 1 |
| 3.3 | smoorkwaad ✓ | 1 |
| 3.4 | uitstekende ✓ | 1 |
| 3.5 | kindertjies ✓ | 1 |
| 3.6 | Die raad het op die vergadering besluit om veranderinge aan te bring. ✓<br>(of soortgelyk) | 1 |
| 3.7 | Moenie nou skakel nie! ✓<br><br>Die uitroepteken moet aan einde van sin wees om punt te verdien. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.8 | • Dit trek die leser se aandag.<br>• Dit maak die advertensie interessant.<br>• Dit laat die leser op belangrike inligting van die advertensie fokus. ✓<br><br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 |
| 3.9 | Ja<br>Sy/hy sal vir Paul en Pamela kan bel en om hulp vra.<br><br>Leerder kan nie NEE antwoord nie, want dan verstaan hy/sy nie die advertensie nie. | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **10** |

## VRAAG 4

## TEKS G: STROKIESPRENT

| VRAAG | | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | • C/Oneerbiedig ✓<br>(Enige EEN) | 1 |
| 4.2 | • Hy stel nie belang in sy seun nie.<br>• Die pa is onbetrokke by die seun.<br>• Pa wil net sy kind tevrede hou. ✓<br>(Enige EEN wat bogenoemde impliseer) | 1 |
| 4.3 | Craig sê dat hy✓ geld vir die snoepwinkel wil hê.✓ | 2 |
| 4.4 | Ek wou geld hê om te gaan fliek.<br>**OF**<br>Ek wou geld gehad het om te gaan fliek. ✓<br>(Enige EEN) | 1 |
| 4.5 | beter ✓ | 1 |
| 4.6 | Craig wil gaan fliek daarom wil hy geld hê. ✓ | 1 |
| 4.7 | • B/pinkie ✓<br>(Enige EEN) | 1 |
| 4.8 | motor ✓ | 1 |
| 4.9 | Die gebruik van die uitroepteken.<br>Die gebruik van hoofletters/vetgedrukte/of groter letters. ✓<br>(Enige EEN) | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **10** |

## VRAAG 5

### 5.1 TEKS F

| VRAAG | | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | wen ✓ | 1 |
| 5.1.2 | sewentien ✓ | 1 |
| 5.1.3 | goue ✓ | 1 |
| 5.1.4 | gister ✓ | 1 |
| 5.1.5 | lughawens ✓ | 1 |
| 5.1.6 | met ✓ | 1 |
| 5.1.7 | foto'tjie | 1 |
| 5.1.8 | uitnodiging ✓ | 1 |
| 5.1.9 | Hy het na Melanie toe gestap en gesê: "Ek sal jou metgesel wees."<br>(EEN punt vir korrekte woordorde en EEN punt vir korrekte aanhalingstekens.) | 2 |
| 5.1.10 | Melanie weet nie wat sy gedurende✓ die aand vir Chad sal sê nie,✓ maar sy is gelukkig om net na hom te sit en staar. | 2 |
| 5.1.11 | • C kyk<br>(Enige EEN) | 1 |
| 5.1.12 | Hoera | 1 |

## 5.2 TEKS G

| VRAAG | | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | gordyne ✓ | 1 |
| 5.2.2 | bo-op ✓ | 1 |
| 5.2.3 | naat ✓ | 1 |
| 5.2.4 | skildery ✓ | 1 |
| 5.2.5 | koeëlrond ✓ | 1 |
| 5.2.6 | kussing ✓ | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[20]** |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou